

# Eks 32:4 Waaroor gaan die tweede gebod?

## [Eksodus 32](#)

Waarom sou die Israeliete vir Aäron gevra het om vir hulle 'n beeld te maak? Wat was hulle motief?

Party geleerdes sê hulle wou uit en uit 'n ander, vreemde, afgodsdien daarmee begin. Die kalf was in die Egiptiese godsdien die beeld van die god Apis, op daardie stadium die Egiptiese oppergod, en in die Kanaänitiese godsdien was die god van die vrugbaarheid deur 'n kalf voorgestel. Nou sê hulle dat die Israeliete deur hierdie goue kalf een van hierdie twee afgode wou dien. Dan het ons dus hier met die oortree van die eerste gebod te make, nl: "Jy mag naas My geen ander gode hê nie."

Maar daar is ook ander geleerdes wat sê hulle wou nie met die goue kalf die rug op die Here draai nie, hulle wou maar net daarmee iets tasbaars, iets sigbaars in hulle godsdien inbring, 'n beeld wat die Here se teenwoordigheid onder hulle vergestalt. Die goue kalf moes as 't ware die Here se rydier wees waarop Hy voor die volk uit ry. Daarom roep hulle ook uit, toe die beeld klaar is: *Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!* En Aäron sê: *Môre is daar fees vir die Here!* (vs 4,5). Dit gaan dan volgens hulle hier om die oortree van die tweede gebod, nl dat jy nie vir jou 'n beeld mag maak en dit vereer of dien nie.

Hier sien ons hoe moeilik dit is om die eerste en tweede gebod uitmekaar te haal. Ons het hier elemente van afgodsdien (eerste gebod), veral van die kant van die volk. Hulle wou 'n ander god hê, want hulle was ontevrede met Moses en met sy God. En dan, om hulle tegemoet te kom, lyk dit vir my, maak Aäron die goue kalf. So wou hy verhoed dat hulle 'n ander god begin dien, want die goue kalf, so het hy gemeen, is net die rydier vir die Here, die God van Israel. Hy roep immers uit dat daar 'n fees vir die Here is. Maar wat Aäron se motief ook al was vir die maak van die goue kalf, het hy in elk geval nie daarin geslaag om die volk van sonde te weerhou nie. Op die ou end was hulle tog aan die Here ontrou, want hulle het nie die Here aanbid soos Hy in sy wet geleer het nie; hulle wou hulle godsdien inrig

soos dit hulle pas, soos dit vir hulle lekker is, en nie soos die Here die voorskryf nie. En die fees wat die Israeliete gehou het, was allermins 'n Bybelse fees: Vers 6 sê hulle het begin feesvier en wellustig te kere gegaan.

Dit is die wese van die oortreding van die tweede gebod: Dat jy jou godsdiens inrig soos dit jou pas. HK 96 sê: "Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie." Ons moet die Here dien, nie soos ons dink goed en reg is nie, nie soos ons lus het nie, maar soos Hy vir ons in sy Woord leer.

Daarom moet ons maar elke keer weer vir ons in ons godsdiens vra: Is ek nog besig om te lewe soos die Here vra, of het my eie belange en voorkeure en behoeftes geleidelik ingeskuif in my godsdiens in? Dien ek nog die Here, of gaan dit in my godsdiens om ander dinge? Die Israeliete en veral Aäron kon seker baie redes aanvoer waarom dit goed was dat hy die kalf gemaak het - ter wille van die twyfelaars onder hulle, wat graag iets tasbaars van die Here wou hê om te aanbid, of om die onsekerheid by baie Israeliete weg te neem wat gewonder het of hulle nog op die regte koers was, of om te keer dat hulle 'n totaal vreemde god begin dien, of wat ook al die rede was waarom hy die kalf gemaak het. Maar op die ou end het dit daartoe gelei dat die kalf hulle van die Here vervreem het.

Die goue kalf kan maklik op onverwagse maniere vir God in ons godsdiens verdring. Party mense is dood tevrede om Sondag na Sondag tuis te bly, want, sê hulle, "ons kan die Here net so goed aanbid as ons die diens oor die TV kyk". Of mense gebruik nooit nagmaal nie, want dinge is nie reg tussen haar en haar man/vrou/buurvrou/skoonpa of wat ook al nie. En dan sê hulle vir jou, as jy met hulle daaroor praat, "die Here sal verstaan", so asof Hy ter wille van hulle nukke en grille party Bybelse vereistes sal ophef.

'n Mens kan ook godsdiens misbruik om alles te kry soos wat jy dit graag wil hê. Dan word God die Een wat moet sorg dat jy goeie punte in die eksamen kry, of wat moet toesien dat jou bankbalans stewig bly. Daar was 'n tyd toe ons geglo het ons Afrikaners het een of ander eksklusiewe aanspraak op God se sorg in SA, en daar was baie Aärons in die kerk wat ons gepaai het en gesê het alles sal regkom, want God is aan ons kant.

Aäron het seker goed bedoel om te probeer keer dat die volk van die Here afvallig word, maar op die ou end verlei hy hulle weg van God af. Ons kan nie ons

godsdien verander om mense te pas nie. God se Woord is immers 'n vreemde Woord, wat praat van liefde waar ons wil haat, wat praat van vergifnis waar ons wrokke wil koester, wat praat van selfverloëning waar ons onself wil laat geld. God is nie in ons diens nie. Ons is in sý diens. Daarom kan ons Hom nooit inperk of aan Hom voorskryf hoe Hy moet wees en wat Hy mag en nie mag doen nie.

Wat kan ons dan doen om te keer dat ons ook 'n goue kalf begin aanbid, in plaas van die ware, lewende God en Vader van ons Here Jesus Christus?

Daar is net een antwoord: Laat God toe om God te wees. Moenie Hom probeer verander soos wat dit vir jóú pas nie. Bid eerder dat Hy jou sal verander, sodat jy kan inpas by Hom en sy plan. Bid vir geestelike krag, dat jy nie sal saamloop met die stroom nie. Dat jy soos Moses daardie dag kan optree met geloofsoortuiging, al bring dit jou in stryd selfs met familie, vriende of bure.

Aäron wou die volk tegemoet kom met 'n maklike, lekker godsdien, sodat hulle nie agter afgode aan loop nie. Maar die Here sê daarvan: Hulle het die pad verlaat wat Hy hulle aangewys het. En die probleem met die goue kalf was natuurlik dat dit 'n leuen was: Dit was geen god nie. Dit was net 'n beeld wat mense gemaak het. Hy kon hulle nie help of lei of red nie. En dit ontdek mense ook elke keer weer as hulle van God iets anders wil maak as wat Hy ons in die Bybel leer, as mense God in hulle eie klein redenasies probeer indruk: só 'n godsdien bring jou nie by God uit nie.

Uiteindelik het God sélf ons tegemoet gekom en vir ons 'n beeld van Homself voorsien: Jesus Christus. In Kol 1:15 skryf Paulus: *Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie.* Heb 1:3 sê: *Uit Hom straal die heerlijkheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.* As jy 'n behoefte het daaraan om iets van God te sien, en van sy teenwoordigheid, kyk na Jesus! Aanbid Hom! Buig voor Hom neer! Dien Hom en volg Hom!

Om agter God aan te loop, is nie altyd 'n maklike saak nie. Soms maak dit jou ongewild, bring dit jou in stryd met jouself en met ander. Maar dit was al pad wat die Israeliete in die Beloofde Land gebring het. En dit is vandag nog die enigste pad wat ons by die nuwe hemel en die nuwe aarde sal uitbring. Kom ons loop soos Moses op daardie pad, onwrikbaar en onverskrokke, agter God aan!

Amen.

---

# **Eks 32:19 Hoekom Moses die kliptafels stukkend gegooi het**

Wat, dink julle, sal jou ma maak as jy die splinternuwe koppies wat sy gekoop het, vat en stukkend gooi teen die vloer?

En dit is presies wat Moses hier gedoen het. Hy het die twee plat klippe wat die Here vir hom gegee het, waarop die Here sy wet gegraveer het, gevat en dit stukkend gegooi. Ek het altyd, toe ek klein was, gewonder hoekom Moses dit gedoen het. Dit was mos 'n uiters kosbare besitting! Die Here het immers sy wet met sy eie vinger daarop geskrywe, sê 31:18. En wat doen Moses? Hy het dit skaars gekry, toe gooi hy dit flenters.

Nou staan hier in ons teksvers dat Moses, toe hy die goue kalf en die dansery sien, woedend geword het en die twee plat klippe in sy hand flenters gegooi het teen die voet van die berg. En daarom het ek altyd gedink dit was omdat hy kwaad geword het. Hy het dit mos 'n ander keer ook oorgekom, toe hy so kwaad geword het vir die morrende en klaende volk dat hy nie met die rots gepraat het sodat daar water moet uitkom, soos die Here gesê het hy moet doen nie, maar dat hy sommer die rots twee maal geslaan het met sy staf (Num 20). En julle weet mos dat die Here hom daarvoor gestraf het, sodat hy nie die Beloofde Land kon ingaan nie, maar dood is voordat hulle oor die Jordaan getrek het.

Maar hier lees ons nie dat die Here met hom ontevrede was omdat hy die plat klippe stukkend gegooi het nie. En later, toe hy weer na die Here opgeklim het en God vir hom twee nuwe plat klippe met sy wet daarop gegee het, het die Here ook nie met hom daarvoor gepraat of met hom geraas omdat hy dit stukkend gegooi het nie (Eks 34:1).

Daar was 'n baie goeie rede waarom Moses die klippe stukkend gegooi het. Dit was nie sommer 'n onbesonne daad wat Moses uit woede en frustrasie gedoen het nie.

Miskien sal dit ons help om mooi te verstaan hoekom Moses dit gedoen het, as ons 'n oomblikkie kyk na wat hierdie twee klippe presies was. In die tyd waarin Moses geleef het, was daar nog nie iets soos papier nie. As mense iets wou aanteken, veral iets baie belangriks, het hulle dit op 'n plat klip uitgekap, sodat dit behoue kon bly. Veral ooreenkomste en kontrakte is so op plat klippe, of ook kliptafels genoem, ingegraveer. Wanneer daar dan bv 'n ooreenkoms tussen twee konings aangegaan is ('n verdrag gesluit is), is hierdie verdrag op twee kliptafels gegraveer, sodat elkeen van die konings of partye wat die verdrag sluit, 'n afskrif van die ooreenkoms kan hê. Ons doen dit vandag nog. As jy 'n kontrak met iemand sluit, word die kontrak in duplikaat opgestel sodat albei 'n afskrif kan hê, 'n bewys dat die ooreenkoms aangegaan is. Bv as jy by die winkel iets gaan koop, dan druk die kasregister twee strokies uit van die goed wat jy koop: een gee die kassier vir jou as bewys dat jy betaal het, en die ander bly in die kasregister.

Dit is wat hier gebeur het. God het 'n ooreenkoms of kontrak met sy volk Israel gesluit. Ons noem hierdie ooreenkoms die verbond. En die voorwaardes vir sy verbond, sy ooreenkoms met sy volk, is op twee plat kliptafels geskrywe. Dit was die wet van die Here of Tien Gebooie (Eks 20).

Ons praat mos altyd van die eerste en die tweede tafel van die wet: Die eerste tafel het die eerste 4 gebooie op, wat handel oor liefde vir God, en die tweede tafel het die laaste 6 gebooie wat handel oor ons liefde vir ons naaste, daarop. Dit kom nou van hierdie twee tafels wat Moses by hom gehad het, omdat mense gedink het die eerste 4 gebooie is op die een klip geskryf, en die ander 6 gebooie op die ander een. Maar eintlik is dit nie reg nie. Die twee kliptafels wat Moses by hom gehad het, was twee afskrifte van dieselfde wet. Op albei klippe het die volledige Tien Gebooie gestaan. Die een kliptafel was die Israelite se afskrif, en die ander een God s'n.

Nou moet ons dit mooi verstaan: Hierdie twee plat klippe met die Tien Gebooie daarop, was die bewys van die ooreenkoms wat God met sy volk aangegaan het. Dit was die kontrak waarin God vir sy volk sê: "Ek is julle God wat julle uit Egipte verlos het. Ek het julle lief en sal vir julle sorg." En dan vereis Hy in dieselfde kontrak van sy volk: "Julle moet My liefhê en my gebooie gehoorsaam."

Moses het as 't ware namens die volk Israel hierdie verbond met die Here daar op die berg gesluit. Moses het namens die Israelite daar op die berg aan God belowe dat hulle Hom sal liefhê en gehoorsaam. Maar wat gebeur terwyl hy op

die berg is? Die Israeliete het die goue kalf gemaak en dit aanbid.

Toe Moses van die berg afkom en sien wat gebeur, het hy net geweet: Daar kan nie sprake daarvan wees dat daar 'n ooreenkoms tussen die Israeliete en God kan wees terwyl die volk afgode maak en dien nie! Die heel eerste stipulasie van die kontrak sê immers dat hulle geen ander gode mag hê of dien nie. Maar voordat die Israeliete eintlik die kontrak wat die Here met hulle wou sluit, kon aanvaar, het hulle al klaar hulle rug op God gedraai!

Dáárom gooi Moses die kliptafels stukkend. Want die ooreenkoms wat op die klippe neergeskryf is, bestaan nie. Die Israeliete het kop uitgetrek. Hulle het nie die verbond wat God met hulle wou sluit, aanvaar nie - hulle het God verwerp en 'n afgod gemaak. Dis soos 'n man wat 'n motor wil koop, en die agent stel die koopkontrak op, maar as die man moet teken, trek hy kop uit. Al wat jy dan kan doen, is om die kontrak op te skeur en weg te gooi, want die kontrak is nie geldig nie. En dis presies wat Moses hier gedoen het: Hy gooi die kontrak, die kliptafels, stukkend, want die ooreenkoms tussen God en die volk is tot niet.

Want 'n mens kan nie wil sê die Here is jou God, en die Here Jesus het met sy bloed jou sondes afgewas, en terselfdertyd lewe jy soos jy wil en jy steur jou nie aan die Here nie. Jy kan nie sê die Here is jou alles, maar jou geld of jou vriende of jou sport weeg eintlik swaarder as jy besluite neem nie.

Dit het die Israeliete ook daardie dag uitgevind toe Moses die kliptafels stukkend gooi. Op die einste kliptafels het daar nie verniet gestaan dat die Here onverdeelde trou aan Hom eis nie. Die Here duld dit nie om net 'n gedeelte van ons hart en ons liefde te hê nie. Hy wil ons hele hart hê. Net dit is goed genoeg. Jy behoort òf met jou hele hart aan Hom, òf glad nie. Daar is nie 'n tussen-in pad nie.

Die eerste gebod kom nie net ter sprake wanneer 'n mens 'n afgodsbeeldjie in jou huis het nie, of wanneer jy met 'n ander godsdienst soos Boeddhisme deurmekaar raak nie. Calvyn het oor die eerste gebod geskryf dat die mens 'n afgodsfabriek is. Enige iets, hoe onskuldig ook al, kan in jou hande en jou hart 'n afgod word wat uiteindelik vir jou meer beteken as God self.

Ek is seker nie een van ons wil lewe los van die Here se sorg en liefde nie. Kom ons kom dan ons kant van die ooreenkoms na: Kom ons lewe vir die Here!

Amen.

---

# 1 Kon 21:1-26 Hoekom wou Nabot nie sy wingerd verkoop nie?

## [1 Konings 21](#)

'n Mens kan jou nogal verwonder dat Nabot weier om 'n stuk grond aan die koning te verkoop. Hy moes sekerlik die gevolge van sy weiering besef het. Hy het tog in die tyd geleef toe koningin Isebel links en regs mense doodgemaak het. Jy kan gerus 1 Kon 18 en 19 lees om te sien hoe goddeloos Isebel was. 'n Mens se grond is tog nie jou lewe werd nie! Dis tog wat die polisie dikwels vir mense sê as hulle beroof word: moenie jou verset nie. Werk saam met die rower. Jou motor of jou selfoon of jou beursie kan vervang word; jou lewe nie.

Maar Nabot het nie só oor die saak gedink nie, want sy grond was nie syne om weg te gee of te verkoop nie. Dit was erfgrond, en daarom was dit die Here s'n. Hy het dit maar net vir die Here bestuur. In [Levitikus 25:23](#) het God dit uitdruklik verbied dat 'n Israeliet sy erfgrond mag verkoop: Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My.

Jy sien, Nabot was nie sommer net 'n koppige ou man wat Agab nie sy sin wou gee nie. Hy was 'n gelowige, en sy weiering spruit uit sy opregte en diepe eerbied vir God en sy gebod. Daarom weier hy, want hy moet aan God meer gehoorsaam wees as aan mense, selfs al is dit die koning.

As ons vra: waarom gaan hierdie hoofstuk? Wat is die boodskap wat 1 Kon 21 vir ons wil oordra? lê die antwoord waarskynlik o.a. hier. Hierdie gebeurtenis vra van ons: Wat maak jy met dít wat God aan jou gegee het? Is jy 'n goeie rentmeester van God se seëninge? Pas jy dit noukeurig op? Gebruik jy dit tot God se eer?

Hierdie vraag sny natuurlik baie wyd. Dit gaan dan o.a. oor jou geld en jou goed: leef jy só met jou geld en jou goed dat die Here daardeur geëer word? Want jou geld en jou goed is nie joune om daarmee te maak wat jy wil nie. Dis gawes wat

die Here in sy groot ruimhartigheid vir jou leen, sodat jy daarmee kan leef, ander daarmee kan dien, en bowenal vir Hom daarmee kan verheerlik. Dis tog die beginsel agter ons dankoffers: alles wat ons het, is die Here s'n, en daarom gee ons aan Hom 'n deel daarvan terug.

Maar dis nie net ons geld en ons goed wat die Here s'n is nie. Dis ook ons talente, ons kragte, ons liefde, ons tyd, ons woorde. Die vraag wat hierdie gedeelte vra, is: leef jy só dat alles wat jy het, die Here verheerlik? "Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God," skryf Paulus in [1 Kor 10:31](#).

Agab het nie só oor die saak gedink nie. Vir hom was Nabot se vroomheid 'n groot ergernis. Dis interessant dat die Bybel in sy veroordeling van Agab verwys na die feit dat die land nie Israel s'n is nie, maar die Here s'n wat Hy aan hulle gegee het. Vers 26 sê: "Agab het afskuwelik opgetree deur die afgode te dien net soos die Amoriete wie se besittings die Here aan die Israeliete gegee het."

Die res van die hartverskeurende verhaal ken jy. Ontstellend hoe maklik Isebel die korrupte stadsvaders kon organiseer om Nabot en sy hele gesin ([2 Kon 9:26](#)) uit die weg te ruim. En Agab laat haar begaan, want so kon hy sy sin kry: Nabot word met klippe doodgegooi, en Nabot se grond word syne.

Hoe gebeur dit dat 'n mens só deur jaloesie gedryf word dat jy bereid is om te moor? Ek dink die antwoord lê presies hier: as jy nie goed verstaan dat wat jy het, of wat ander het, gawes uit God se hand is nie. Hy gee dit vir ons in sy genade, en ons is alleen maar rentmeesters daarvan, wat dit mag gebruik en geniet, maar altyd met erkentlikheid en verantwoordelikheid teenoor Hom, nie met besitlikheid nie. Jakobus het al gesê ([4:1,2](#)): "Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle."

Ons sukkel nou maar een maal om bly en gelukkig te wees oor die son wat op 'n ander val. As jou familie of bure se kinders beter presteer as joune; as jou kollega voor jou bevordering kry; as jou vriend 'n meisie het en jy nie; as jou vriendin 'n mooier figuur as jy het ; as dit beter gereën het op jou buurman se plaas - dan krap dit maar hier binne. En dis dan dat jy bitsig teenoor daardie een reageer, of met smaak 'n skinderstorie oor haar oorvertel, of baie vrolik voel as hy teenspoed



het.

Liewe gemeente, is dit nie 'n saak waarom ons ons voor God moet verootmoedig nie? Dat ons nie ons gawes en goed in erkentlikheid teenoor God geniet en gebruik nie? Dat ook óns, wat God liefhet, helaas so dikwels nie mekaar liefhet nie, maar net aan onself dink?

Lees nou [1 Kon 21:27-29](#)

Weet julle wat het my getref van hierdie hoofstuk? Die ongelooflike genade van God. Kyk, Agab was 'n slegte ou. Ons het iets van sy aard in hierdie hoofstuk gesien. En daarom was Agab die koning wat in die OT steeds as die toonbeeld van 'n slegte koning voorgehou is, net soos Dawid die maatstaf vir 'n goeie koning was. Die Bybel sê van hom ([1 Kon 21:25](#)): “Daar was nooit iemand wat hom soos Agab daaraan oorgegee het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here nie.”

En wat maak God met hierdie slegte, goddelose koning? Hy kom waarsku hom by monde van sy profeet Elia. En as Agab hom in berou voor God verootmoedig, vergewe die Here hom! Hoor wat sê God (vers 29): “Het jy gesien Agab het hom voor My verootmoedig? Omdat hy hom voor My verootmoedig het, sal Ek die ramp nie tydens sy lewe laat plaasvind nie.”

Ongelooflik. Ongelooflik dat God nie sy rug op Agab gedraai het nie. So is God. Genadig. Hy los nie mense in hulle sonde nie. Daarom het Dawid in [Ps 30:6](#) vol verwondering uitgeroep: “Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank.”

Daarom kan ons, sondaars, selfgesentreerde, besitlike, eiesinnige, na-ywerige sondaars, vanoggend in God se teenwoordigheid leef. Want deur Jesus se bloed is ons nie meer sondaars nie, maar verlose kinders van God.

Amen.

---

# 1 Kon 19:1-18 GOD KLINK ANDERS AS WAT JY DINK

## [1 Kon 19:1-18](#)

Miskien was jy ook al daar waar Elia in ons Skrifgedeelte is: terneergedruk, moeg, moedeloos. Al wat jy wil doen, is om jou kop toe te trek en te wens almal wil jou uitlos. Of nog erger: jy wens jy was dood.

Dit kan met enige iemand gebeur, en dit kom oor jou op 'n tyd dat jy dit die heel minste verwag. As ons net twee hoofstukke terugblaai, sal ons 'n heel ander Elia daar aantref. In hoofstuk 17 sê hy vir die goddelose koning Agab dat dit nie weer sal reën nie, behalwe as hy so sê. Dan gaan kruip hy weg by die Kritspruit, waar die Here vir hom gesorg het en die kraaie vir hom kos gebring het. En toe die spruit ook opdroog vanweë die droogte, gaan hy na Sarfat en gaan bly by 'n weduwee, en op sy woord het haar olie en meel nie opgeraak nie. En toe, in hoofstuk 18, vat hy man-alleen al Isebel se 450 Baälpriesters en 400 Asjera-priesters aan, en kom hy teen hulle te staan op die berg Karmel. Julle ken sekerlik die verhaal van die offer wat die Here met vuur verteer het op sy gebed, en dan roep die hele volk uit: "Die Here is God! Die Here is God!" Daardie dag is al die afgodspriesters gedood, en toe het Elia gebid, en die Here het reën gestuur. Ons lees in die laaste vers van hoofstuk 18: "Die mag van die Here het vir Elia in besit geneem, en hy het sy mantel opgebind en voor Agab se wa uit gehardloop tot waar die pad uitdraai na Jisreël toe."

Hoofstuk 19 begin waar koning Isebel vir Elia laat weet dat sy doodsvonnis klaar gevel is. En dan is dit asof Elia net nie meer krag het om aan te gaan nie. Hy vlug ver suid, tot anderkant Berseba, en gaan sit onder 'n besembos en wens hy was dood. Hy sê vir die Here (19:4): "Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie."

Maar die Here is nog nie klaar met Elia nie, en stuur 'n engel om Elia wakker te maak en kos te gee. Toe het Elia verder suid geloop, tot by die berg Horeb in die Sinai-woestyn, waar die Here aan Moses ook verskyn het.

Ons lees nie hoekom Elia juis soontoe gegaan het nie. Dalk het die Here hom soontoe gestuur, of dalk het Elia soontoe gegaan in die hoop dat hy ook, soos Moses, vir God kan sien (vgl Eks 33), want ons lees in vs 9 dat hy in die grot ingegaan het, klaarblyklik 'n verwysing na die grot waarin Moses was toe God aan hom verskyn het.

En daar, by die grot, vra die Here hom wat hy daar maak. Hoekom is hy daar, ver weg van Israel, waar die Here hom wil gebruik? Elia se antwoord (19:10) is nogal insiggewend. “Ek het my met hart en siel gewy aan u Saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek ... Net ek alleen het oorgebly ...” Eintlik kom dit daarop neer dat hy homself sit en jammer kry.

Hoe antwoord die Here hierdie lewensmoeë profeet van Hom? Hy antwoord hom met 'n verskyning. Hy sê (19:11): “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here. Ek wil verbygaan.”

Die Here wil vir Elia nuwe moed en krag gee. Hoe lyk die God wat vir Elia uit die diepste dale van ellende optel?

- Terwyl Elia daar staan, kom daar 'n baie **sterk wind** wat die berg stukkend ruk en die rotse voor die Here breek. Elia het sekerlik gedink, ja, dís wat ek nodig het: die krag van God se Gees wat soos 'n wind deur my lewe waai! Maar in die wind was die Here nie.
- Toe kom daar 'n **aardbewing**, soos destyds toe God aan die volk by Sinaï verskyn het. Elia het dalk gehoop God laat die aarde ruk en bewe sodat die mense tot geloof geskud kan word, maar in die aardbewing was die Here ook nie.
- Toe kom daar 'n **vuur** wat brand en alles voor hom verteer. Elia het sekerlik gehoop God se vuur sal sy vyande verbrand soos destyds met Sodom en Gomorra gebeur het. Maar in die vuur was die Here ook nie.
- Dit was eers in die **fluistering van die windstilte** wat Elia iets van God se teenwoordigheid aangevoel het. Nie in die opspraakwekkende, die ontsagwekkende, die vreesaanjaende dinge nie. In die ligte aandbriesie.

Ons het almal 'n behoefte daaraan om God te beleef; iets van sy heilige teenwoordigheid te ervaar. Elia was nie anders as ons nie. En tog was dit nie in die buitengewone wat hy God se teenwoordigheid aangevoel het nie. Dit was eintlik eers toe daar niks buitengewoon was nie, dat Elia iets van God beleef het.

Ek wonder of ons nie dikwels 'n ervaring van godverlatenheid het omdat ons op

verkeerde tekens wag nie; omdat ons God se stem op verkeerde plekke soek, in die buitengewone, in die opspraakwekkende. God kán natuurlik op sulke maniere ook praat, maar dikwels klink Hy heeltemal anders as wat ons dink, sien ons Hom nie in wondergenesings en massa-bekerings nie, maar daar waar twee of drie in sy Naam saam is; sien ons Hom in die glimlag van 'n kind; sien ons Hom in die skoonheid van 'n sonsondergang; hoor ons Hom in die trooswoorde van iemand wat omgee; hoor ons Hom in sy Woord.

Natuurlik moet ons dit ook nie miskyk nie, dat Elia God eers gehoor het toe dit stil geword het: 'n fluistering in die windstilte. In die geharwar van ons besige lewens gaan ons God moeilik hoor, want ons besigwees maak dat daar te veel geraas is. Jy móét tyd maak om stil te word in God se teenwoordigheid as jy Hom goed wil hoor.

God klink anders as wat ons dikwels dink. Ook in sy spreke klink Hy anders as wat ons sou verwag. Want as die Here met sy lewensmoeë profeet praat, wat sê Hy vir hom? "Toemaar, arme Elia! Ek verstaan jou depressie. Hier is vir jou 'n gawe aftreepakket, jy kan maar gaan rus." Dís sekerlik wat Elia wou hoor, maar dis nie wat God vir hom sê nie. Hoor wat sê Hy: "Draai in jou spore om ...!"

As ek en jy verwag om God se stem in een of ander magtige verskyning te hoor, sal ons heel waarskynlik baie lank wag, want dis nie hoe God met ons maak nie. Sy stem klink veral op waar ons dit nie verwag nie. Daar waar jy stil voor Hom is, of met gespitste ore deur die lewe gaan; waar jy in biddende afhanklikheid voor Hom leef.

Mag jy die stem van die Here op baie maniere hoor, daar waar jy besig is om vir Hom te lewe!

Amen.

---

# 1 Kon 17:8-24 God se koninkryk is daar waar ek en jy God se teenwoordigheid indra

## [1 Kon 17:8-24](#)

Wat 'n vreemde verhaal!

- Elia, die profeet van die Here, gaan bly (in opdrag van die Here) by 'n weduwee in Sarfat by Sidon. Sy was met ander woorde nie 'n Israeliet nie, maar 'n Fenisiër, 'n volksgenoot van koningin Isebel, wat vir 'n groot deel van die moeilikheid verantwoordelik was met haar aktiewe bevordering van die Baäldiens. Was daar dan nie 'n enkele Israeliet oor by wie Elia kon skuil nie?
- Elia eis die laaste bietjie kos op van hierdie verarmde en versukkelde weduwee. Kon hy nie by iemand gaan bly het wat die middele gehad het om hom te versorg nie?
- Terwyl Elia daar bly, raak die weduwee se seuntjie dodelik siek, op die punt om te sterf. Is dit nou hoe die Here na mense wat Hom dien, omsien?

## 'n Tree terug

Ek dink as ons hierdie gedeelte wil verstaan, moet ons net so 'n klein bietjie terugtree, sodat ons die groter prentjie kan sien. Elia is die man wat God geroep het om Israel van die afgodsdien van Baäl te bevry en na God toe terug te lei. Uiteindelik sou dit op die konfrontasie op die berg Karmel uitloop, waarvan ons in [hoofstuk 18](#) lees. Daar moes Elia man-alleen stry teen 'n horde Baäl- en Asjeraprofete (altesaam 850 van hulle). Hy moes dit doen sonder die steun van 'n enkele Israeliet, want hulle het geweier om kant te kies.

Hoe kon hy dit regkry? Waar het hy die moed vandaan gekry om só 'n uitdaging aan die afgodsprofete te stel?

Geloofshelde word nie oornag gebore nie; hulle word gevorm op 'n pad waarin hulle leer dat hulle die Here kan vertrou, en dís hoe ons die verblyf in Sarfat moet

verstaan. God was besig om Elia voor te berei vir groter dinge. Daarom moes Elia eers ontdek dat God mense se harte kan verander, soos Hy die weduwee van Sarfat verander het om hierdie uitlandse profeet te help, ondanks haar eie nood. En hy moes leer om God te vertrou wanneer hy bid, dat God 'n hoorder en verhoorder van gebed is, toe Hy op Elia se gebed die lewe aan die seuntjie teruggegee het.

Ek vermoed dat daar in jou lewe ook dinge gebeur het wat jy nie mooi kan kleinkry nie. Dalk moet jy dan ook net 'n tree terugtree en bid dat God jou die groter prentjie wys; hoe het die goed wat oor jou pad gekom het (goed en sleg) jou gevorm, voorberei vir jou huidige situasie, of jou op 'n nuwe pad gesit? Dít is hoekom Jakobus kan sê dat ons baie bly moet wees as allerlei beproewings oor ons kom (Jak 1:2). Want dít wat oor ons pad kom, wat God toelaat in ons lewens, gebruik Hy om ons te vorm en toe te rus vir later.

## **Moenie iemand anders soek om dit te doen nie**

Ek verbaas my telkens as ek hierdie verhaal lees, en ook die verhaal van die weduwee se offer by die skatkis ([Mark 12:41-44](#)). Ons sal maklik sê, siestog, die arme vrou het niks, vra liever iemand anders. Ons dink soms oor onself ook so: Hoekom vra die Here nou juis van my iets? Is daar nie iemand anders nie? Maar dis nie hoe ons God in die Bybel leer ken nie. Moenie rondkyk en iemand anders soek as God 'n saak op jou hart lê nie. Want as Hy iets van iemand vra, voorsien Hy ook die uitkoms. Augustinus het daarom gebid: "Here, gee wat U vra, en vra dan net wat U wil."

En dan, net as dit lyk of dinge nou goed loop, word die vrou se kind tot die dood toe siek. En die eerste afleiding wat die vrou maak, is dat dit God se skuld is, dat sy gestraf word oor haar sonde (vers 18). Is dit hoe jy ook oor siekte en teenspoed dink? Dat God besig is om jou te straf, of dat iemand anders wat teenspoed het, se sonde maak dat dit alles gebeur met hom of haar?

Interessant dat Elia die vrou glad nie antwoord op haar verwyd nie. Daar kom tye wanneer 'n mens nie moet praat en redeneer en prekie afsteek nie, maar eerder doen. Wanneer jou stille teenwoordigheid, jou daar wees, jou praktiese ondersteuning meer beteken as woorde. In 'n ander mens se krisis moet 'n mens nie alte slim probeer wees en verduidelik en raad gee en preek nie. Elia stry nie met die vrou nie, maar doen iets: hy gaan bid vir die siek kind.

## Koninkrykstyding

Ons is nou in die Koninkrykstyding van die kerklike jaar; die tyd waarin ons nadink oor hoe die kerk, hoe ek en jy, God se koninkryk in die wêreld kan laat kom. Elia wys ons dat dit gebeur, daar waar God se kinders God se teenwoordigheid in ander se lewens indra, sodat die weduwee uiteindelik sê: "Nou weet ek dat u 'n man van God is ..."

*God se koninkryk in die wêreld kom daar waar God se kinders God se teenwoordigheid in ander se lewens indra*

## Jou nood voor God

Net 'n laaste aantekening oor ons Skrifgedeelte: 'n mens kan jou verbaas oor hoe Elia met God praat toe hy voor God kniel oor die kind: "Here my God, wil U nou oor hierdie weduwee by wie ek bly, 'n ramp bring deur haar kind te laat sterf?" Vir my vroom gemoed is daar 'n verwygende klank in sy gebed. En tog antwoord die Here hom! Want God is nie 'n koue, afgetrokke, harde God nie. Hy het in Christus Jesus ons Vader geword, 'n God wat omgee vir sy kinders, 'n God wat hoor as ons bid, want ons benoudheid ken.

Moenie bang wees om jou hart voor Hom uit te stort nie! Moenie huiwer om na Hom te gaan met jou vrae en frustrasies en onstuimige gemoed nie. Hy is in Christus jou Vader. Hy verstaan jou nood. Een van die mooiste tekste in die Bybel is [Psalm 103:14](#), waar die psalmis bely dat God weet waarvan ons gemaak is. Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.

---

# Joh 16:12-15 Die Gees het gekom om Jesus te verheerlik

[Joh 16:12-15](#)

Dis vandag Drie-eenheidsondag: die dag waarop ons fokus op God as die Drie-enige God - Vader, Seun en Gees. Waar in die Bybel kry ons die woord of begrip Drie-eenheid?

Nêrens! Die begrip Drie-eenheid (Engels: Holy Trinity) staan nie in die Bybel nie. Dis 'n begrip wat die kerk ontwikkel het omdat ons 'n manier nodig het om oor God te dink wat vir ons sin maak. Want ons lees in die Bybel onmisverstaanbaar dat daar net een God is ([Deut 6:4](#) - letterlik staan daar, soos die NLV vertaal: Die Here is ons God. Die Here is een). Tog maak God Sigself aan ons bekend as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees, soos dit o.a. ook in ons Skrifgedeelte van vanoggend staan. Jesus praat hier van Homself, van die Gees wat gaan kom as Hy hemel toe gaan, en van die Vader. En dan is God die Vader nie net 'n gedeelte van God nie, of die Seun net 'n ander stukkie nie. Jesus is volledig God, soos die Vader volledig God is, en soos die Gees volledig God is.

Dalk moes ek nie gesê het die woord Drie-eenheid is geskep om sin te gee aan die Skrif-openbaring oor God nie, want ek moet eerlik sê, dit maak vir ons mense nie goed sin nie. Ons dink aan een mens as een persoon. As een mens meer as een persoon huisves, sê ons daar is groot fout. Maar dis min of meer wat ons van God bely as ons sê Hy is een God, maar tog ook drie Persone, nie drie Gode nie. Of soos die kerkvaders dit uitgedruk het: Een Wese, drie Persone.

*In die Geloofsbelydenis van Athanasius (een van ons 3 algemene belydenisse) bely ons (§ 3,4,10,11): Die algemene geloof is dat ons die één God in die drievuldigheid en die drievuldigheid in die eenheid eer, sonder om die persone te vermeng of die substansie te deel; [...] die Vader is ewig, die Seun is ewig en die Heilige Gees is ewig; nogtans is dit nie drie Ewiges nie, maar één Ewige ...*

So, die term Drie-eenheid is geskep sodat ons oor God kan praat, maar dit hef nie die misterie wat God omhul, op nie. Hy bly meer en anders as ons.

Vir die vroeë kerk was dit nogal 'n worsteling om te weet hoe om oor God te dink. Veral, so lyk dit my, het hulle aanvanklik gewonder oor die status, of die wese, van Jesus. Ons kan dit ook sekerlik begryp. Om aan God die Vader as God te dink, is relatief maklik. Hy is die Skepper en Onderhouer. En om aan die Heilige Gees as God te dink, is óók relatief maklik, want ons lees al in Genesis 1 van die Gees van God wat oor die waters gesweef het. (Natuurlik was dat 'n vraag of die Gees 'n Persoon is, soos ons bely, en of Hy net 'n krag of invloed is, soos party gedink



het.)

Maar met Jesus was dit nie so eenvoudig nie. Hy het soos alle ander mense in 'n gesin grootgeword. Hy het saam met die dissipels op die stofpaaie van Palestina geloop. Hy het honger geword. Hy het moeg geword. Hy het vuil geword. Hy was in alle opsigte 'n mens soos hulle. Hulle kon met Hom praat, met Hom redeneer, aan Hom vat, langs Hom slaap ... Daarom was dit vir hulle vreemd om aan Hom te dink as God. Soos Jesus in ons gelese gedeelte vir hulle sê: daar was baie dinge wat hulle nie op daardie stadium kon begryp nie (vers 12).

Dis eers ná sy opstanding dat iets daarvan by hulle begin insink het. En, so lyk dit my, het hulle aanvanklik steeds meer aan Jesus se menslikheid as aan sy goddelikheid gedink as hulle oor Hom gedink het. Ons hoor dit in Petrus se toespraak op Pinksterdag wanneer hy sê: "Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!" (Hand 2:36). So asof Jesus voor sy opstanding dit nie eintlik was nie.

Ek dink, in die lig van wat ons vanoggend uit die Bybel gelees het, kan ons Petrus se woorde verstaan dat God Jesus vir ons Here laat word het, in ons gedagtes, in ons harte. In 'n sin hét Jesus dus eers ná sy opstanding vir Petrus-hulle regtig God geword, want dit was toe eers dat hulle verstaan het Wie Hy regtig is. En dis die werk van die Gees. Jesus sê: Hy (die Gees) sal My verheerlik ... Die Gees het gekom om Jesus te verheerlik, om Hom ons Here te maak, om ons daartoe te bring dat ons Hom bely as ons Heer, ons Verlosser, ons God.

Nou het ons verlede week Pinksterfees gevier; die fees dat God sy Gees aan ons, sy kerk, geskenk het. Wat verwag jy as jy dink en bid oor die werk van die Gees in jou lewe? Ver wag jy dat jy hierdie hoër geestelike bestaan sal begin voer, sodat jou voete amper nie grond raak nie? Dat jy die Gees in stemme met jou sal hoor praat as Hy jou lei? Dis nie wat Jesus sê nie. Jesus sê die Gees kom om ons in die hele waarheid te lei deurdat hy dít wat Hy van Jesus en die Vader ontvang, aan ons meedeel, en ons daaraan herinner en dit vir ons verduidelik. En dan, dat Hy Jesus juis daarin verheerlik. So wat die Gees van God in ons lewens doen, is om ons oë, ons gedagtes, ons harte te fokus op Jesus en op wat Hy gesê en gedoen het, om ons te help om dit te verstaan, om Jesus as ons Heer en Heiland te bely, sodat Hy waarlik Here van ons lewens sal wees.

So wat gebeur as jy bid dat die Gees in jou lewe vaardig sal word en sal oorneem?

Jy word aan Jesus vasgebind. Jy word 'n Jesus-dissipel. Jesus word jou Here en Hy word in jou en deur jou verheerlik.

Ek dink ons moet hierdie punt goed hoor, want, soos die eerste dissipels, is dit vandag nog moeilik om reg oor Jesus te dink. Die Gees kom om Jesus te verheerlik. Die Gees het nie gekom sodat Jesus ons buddy kan wees, ons pël nie. Ek onthou, lank terug, het iemand my verkwalik omdat ek gesê het Jesus is nie cool nie. En ek sê dit vanoggend weer. Jesus is nie ons pël nie. Hy is nie cool nie. Hy is só nie cool nie, toe Hy hemel toe is, was daar maar omtrent 120 mense wat Hom gevolg het. Die res het die rug op Hom gedraai en Hom gekruisig. As Hy cool was, sou die skare nie geskreeu het: "Vat hom weg! Kruisig hom!" nie (Joh 19:15).

Ons moet oppas dat ons nie Jesus aftrek na ons vlak omdat ons Hom by ons en soos ons wil hê nie. Ons moet opstyg na sý vlak deurdat ons onself verloën, ons kruis opneem en Hom volg ([Matt 16:24](#); vgl [Heb 12:1-3](#)) sodat ons by Hom kan wees en soos Hy kan word.

Die Gees het gekom om Jesus Here in ons lewens te maak. Kom ons volg Hom dan met oorgawe!

Amen.